Noordelike Sinode

TAAKSPAN BEDIENINGSONDERSTEUNING
Verslag

1. Samestelling en beleid

1.1. Taakspanlede

Die vier lede wat deur die sinode aangewys is, het die kern van die taakspan gevorm. Hulle is: Paul Grobler (taakspanleier), Rehan Rheeder (saakgelastigde), Bernice Koekemoer en Jacques Myburgh.

Elke individuele taakspan word saamgestel uit verteenwoordigers van die gemeente (soos deur die gemeente aangewys), ring (soos deur die ring aangewys), die ringsverteenwoordiger (RVF) en vier permanente lede soos deur die SDR aangewys. (Die RVF is verkieslik nie die enigste verteenwoordiger van die ring wat as lid van die taakspan aangewys word nie.)

Die taakspan se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese drie taakspanne: Taakspan Bedieningsondersteuning 1 (2023/24), Taakspan Bedieningsondersteuning 2 (2024/25) en Taakspan Bedieningsondersteuning 3 (2025/26).

1.2. Proses

1.2.1. D.m.v. bedieningsondersteuning wil die Noordelike Sinode die speelveld tussen gemeentes in verskillende sosio-ekonomiese gebiede gelyker probeer maak.

1.2.2. Indien ‘n gemeente oordeel dat bedieningsondersteuning nodig is, word die ring met ‘n gemotiveerde aansoek genader. Dokumente wat hier ter sprake is, is die gemeente se nuutste geouditeerde state, ‘n tot-datum proefbalans, die gemeente se begroting met vergelykende syfers vir jaar-tot-datum-werklik, asook enige ander finansiële inligting wat die aansoek kan ondersteun.

1.2.3. Indien die ring oordeel dat ondersteuning meriete het, maar dat die ring dit nie uit die fondse en hulpbronne volledig kan hanteer nie, stuur die ring die aansoek aan die finansiële beampte by die Sinodehuis.

1.2.4. Alle sodanige aansoeke word dan deur ‘n taakspan bestaande uit verteenwoordigers van die gemeente en die ring, asook lede aangewys deur die SDR, gehanteer.

1.2.5. Indien daar nie deur die taakspan konsensus bereik kan word oor die aansoek nie,

tree die dagbestuur van die SDR (moderatuur) as fasiliteerder op en indien daar steeds nie ‘n uitkoms is nie, word dit na die SDR verwys vir arbitrasie.

1.2.6. Indien daar deur enige van die gestaltes van die sinode ’n behoefte aan bedieningsondersteuning by ’n gemeente geïdentifiseer word, word ’n taakspan deur die direkteur gekonstitueer.

1.3. Ringsverteenwoordiger vir Finansies

1.3.1. Vir die doel van skakeling m.b.t. finansies tussen die SDR en gemeentes, wys elke ring ’n Verteenwoordiger vir Finansies (RVF) aan.

1.3.2. Die RVF word verkieslik vir nie minder nie as 4 jaar aangewys, van sinodesitting tot sinodesitting.

1.3.3. Ter wille van gesonde kommunikasie rakende finansies, word die RVF adviserend deur die ringskommissie betrek by alle aangeleenthede rakende finansies.

1.3.4. In enige geval waar die Taakspan vir Bedieningsondersteuning konstitueer om ’n aansoek rakende ’n ringsgemeente te hanteer, of vir welke rede wat finansies raak, is die RVF ex officio lid van die Taakspan.

1.3.5. In enige saak rakende finansies is die RVF die eerste punt van aanmelding vir óf die ring/gemeente óf die kantoor van die direkteur.

2. Die Rol van die Ringskommissie

Wanneer ‘n versoek om bedieningsondersteuning, hetsy die afskryf van fondse verskuldig aan die sinode of ander finansiële ondersteuning, na die RK verwys word, oordeel die RK oor die meriete van die geval. Die RK kan nie ‘n besluit neem oor sinodale fondse nie. Indien besluit word dat die geval meriete het, moet dit via die ringsverteenwoordiger verwys word na die Taakspan vir Bedieningsondersteuning.

3. Bedieningshulp verleen: 2023 tot 2026

In gesprekke met 24 gemeentes, twee kampterreine en die CMR is daar ‘n bedrag van **R3 669 570** (R2 556 448 in die vorige termyn) aan toekennings uitbetaal vir die tydperk.

4. Bydraes deur gemeentes vir die fonds (bykomend tot BGW)

Gemeentes het vanaf 1 Maart 2023 tot 28 Februarie 2026 **R 521 879** vrywillig tot die bedieningsfonds bygedra.